Publication: BEELD (Uitgawe 1)
Date: 2015-09-15
Page: 8

St. Helena beleef gou lughawe se 1ste landing

Só lyk die lughawe op St. Helena-eiland tot dusver. Dit behoort teen volgende Februarie die eerste kommersiële vlug uit Suid-Afrika te ontvang, waarna geskeduleerde vlugte gereeld soontoe sal plaasvind.
Foto: WWW.SAINTHELENAACCESS.COM

Erika Gibson

Dit was tot onlangs bekend as een van die mees afgeleë gebiede ter wêreld, maar vandeesweek land die eerste vliegtuig ooit op St. Helena-eiland – mits die weer saamspeel.

'n Suid-Afrikaanse KingAir-vliegtuig het dié geskiedkundige vlug Maandagoggend van die Lanseria-lughawe aangepak.

Die bemanning en vliegtuig sou teen die middag op Ondangwa in Namibië aangekom het van waar hy Dinsdag tot by Namibé aan die Angolese weskus sal vlieg.

Dan volg ses uur oor die see tot by die eiland 1 950 km wes van Suid-Afrika waar die vliegtuig die stelsels van die lughawe wat by Prosperous Bay gebou word, sal help toets.

Die eiland was vir dekades slegs met 'n posboot en handelskepe met die buitewêreld verbind. Baie van die families op die eiland het selde of ooit direkte kontak met hul nasate in Suid-Afrika gehad.

Napoleon Bonaparte is in 1815 soontoe verban en is ses jaar later op die eiland begrawe. Ook Dinuzulu kaCetshwayo, die Zoeloe-heerser wat sy impi's teen die Britse heersers in Suid-Afrika gemobiliseer het, is daar aangehou.

Tydens die Anglo-Boereoorlog is sowat 5 000 oudstryders ook na dié eiland, wat steeds as 'n buitelandse "kolonie" van Brittanje bestuur word, verban en daar aangehou.

Die eiland het sedertdien die fokuspunt geword vir verskeie bewarings- en navorsingsprojekte, terwyl die nagenoeg 5 000 inwoners die infrastruktuur op die eiland help ontwikkel het.

Die KingAir-vliegtuig van TAB Charters het Maandag van Lanseria af die lang tog na St. Helena-eiland aangepak, waar dit geskiedenis sal maak deur die eerste vliegtuig ooit te wees wat op dié eiland land.
Foto: ADRIAN MUNRO

Die Suid-Afrikaanse konstruksiemaatskappy Basil Read bou die lughawe. Luidens die webblad sainthelenaaccess.com is die ontwikkeling 'n goeie Suid-Afrikaanse storie.

Die ontwerp van die hele lughawekompleks het 'n wêreld-ingenieurstoekenning ontvang. Die meeste van die ingenieurs wat by die projek betrokke is, is Suid-Afrikaners.

Hulle doen steeds afrondingswerk aan die kompleks en die lughawe sal na verwagting in November sy internasionale sertifikasie ontvang.

Die Lanseria-lughawe se personeel is deur Basil Read gekontrakteer om te help met die indiensstelling van die lughawebeheerstelsels.

Die eerste kommersiële vlugte van Comair begin teen einde Februarie volgende jaar.

Die eiland se webblad het die eerste vlug vandeesweek met groot fanfare aangekondig. Honderde mense word by die lughawe verwag om deel te wees van die begin van 'n nuwe era op die eiland. Die konstruksie van die lughawe het ook die bou van 'n toevoerpad van 14 km na die res van die eiland ingesluit.

Vandeesweek gaan die vyf polisiemanne op die eiland, waar daar laas in 1974 'n moord gepleeg is, ingespan word om die "skares" by die aankoms van die vliegtuig te help beheer.

Luidens die webblad gaan die lughawe en die gereelde vlugte vir die eerste keer geleenthede vir die eilandbewoners bied om ekonomies lewensvatbare projekte te begin.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission